



FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Prof Eugene Cloete

Dekaan: Fakulteit Natuurwetenskappe

DRIE INISIATIEWE in die Fakulteit Natuurwetenskappe – die Sentrum vir Indringerbiologie (SIB), die Sentrum vir Menslike Prestasiewetenskappe en die Sentrum vir Kompleksiteitsstudies – tel onder die sleutelprojekte van die Oorhoofse Strategiese Plan (OSP). Gemeet aan die lof wat personeellede gemoeid met hierdie inisiatiewe vanjaar toegeswaai is, is die keuse van hierdie sentrums as OSP-projekte in die kol om die US se strategiese doelwitte te bereik en te verseker dat die Universiteit toenemend internasionaal erken word as 'n uitnemende akademiese instansie.

So is die werk van die SIB-direkteur, prof Steven Chown, oor die invloed van indringerspesies, klimaatsverandering en menslike wisselwerking in die Antarktiese streek vereer met die Martha T Muse-toekenning vir Wetenskap en Beleid in Antarktika. Hy is die eerste ontvanger van hierdie internasionale eerbewys van sowat R750 000 van die Tinker-stigting. Daarby het hierdie professor in Plant- en Dierkunde ook vanjaar die Dierkundige Vereniging van Suider-Afrika (DYSA) se Goue Medalje ontvang.

Prof Dave Richardson, die SIB se Adjunkdirekteur: Wetenskapstrategie, was op sy beurt 'n kategoriewenner in die Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum-toekennings. Biochemikus prof Jannie Hofmeyr, 'n dryfkrag agter die Sentrum vir Kompleksiteitsstudies, het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Havengaprys vir Biologiese Wetenskappe ontvang.

Dit is egter nie net personeel verbonde aan ons OSP-sentrums wat erkenning gekry het nie, maar ook:

- Prof Terry Robinson (Plant- en Dierkunde) – A2-evaluerings van die Nasionale Navorsingstigting as wetenskaplike van wêreldgehalte;
- Dr Christine Steenkamp (Fisika) – Silwermedalje van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika;
- Dr Delia Haynes (Chemie en Polimeerwetenskap) – Fulbright-beurs vir nadoktorale studie;
- Dr André de Villiers (Chemie en Polimeerwetenskap) – Csaba Horvath Memorial-toekenning by die 34ste International Symposium on High Performance Liquid Phase Separation and Related Techniques (HPLC2009); en
- Prof Florian Breuer (Wiskundige Wetenskappe: Afdeling Wiskunde) – Von Humboldt-toekenning.

Die Fisiologiese Vereniging van Suider-Afrika se Wyndham-toekenning is vir die tweede agtereenvolgende jaar aan 'n

US doktorale student in fisiologiese wetenskappe toegeken. Uthra Rajamani was die ontvanger hiervan. Daarby het die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Mikrobiologie dr Michele de Kwaadsteniet en Wendy Stone aangewys as onderskeidelik die beste doktorale en honneursstudent in die land.

Die leierskap en navorsing van die US se akademici gemoeid met watersake is in 2009 erken met die aanwys van die Universiteit as koördineerder van die NEPAD Watersentrums van Uitnemendheid-inisiatief. Die inisiatief word deur die Europese Kommissie befonds en sal netwerke in watervorsings- en tersiële opleidingsgemeenskappe in Suider-Afrikaanse lande soos Botswana, Namibië, Malawi en Suid-Afrika versterk. Dit is die Fakulteit se strewe om deur voorgaande én nagraadse onderrig by te dra tot die gemeenskap en om studentesukses te verseker. Ontwikkelings soos verbeterde rekenaarsdiensdienste en nuwe kursusse en modules, dra prakties tot hierdie doelwitte by. Deur nuwe modules soos Rekenaargeletterdheid en Wetenskapkommunikasievaardigheid word ons studente se akademiese kennis binne elke dissipline ondersteun met praktiese vaardighede wat hulle voorberei vir die arbeidsmark.

Verbeterde eksamenresultate in 2009 wys dat ons Fakulteit op die regte pad is met inisiatiewe om die sukseskoers van US-studente te verhoog. Onder meer, ons eerstejaarstudente vind baat by die aanstelling van toegewyde dosente en 'n uitgebreide tutorskema. Boonop het die Senaat verhoogde toelatingsvereistes vanaf 2010 vir ons Fakulteit goedgekeur. Dit sal verseker dat meer van ons studente 'n billike kans op sukses het. Danksy befondings kragtens die OSP kon ons ons bestaande uitgebreide inisiatiewe vir parallelmediumonderrig verdiep.

Ons Alternatiewe Toegangsmodel bied 'n ekstra ondersteuningsjaar in die studieloopbaan van nuwe Maties wat oor die vermoë beskik, maar nie aan die gestelde toelatingsvereistes voldoen om in ons Fakulteit te studeer nie. Ondersteuning aan ons nagraadse studente begin reeds op honneursvlak, met onder meer werksinkels oor navorsingsontwikkeling en veiligheidsaspekte.

Anders as ons steeds groeiende voorgaande studentekorps, was ons nagraadse studentetal die afgelope vier jaar konstant. Die niebeskikbaarheid van fasiliteite soos groter lesinglokale en genoegsame laboratoriumruimte staan egter as 'n groot hindernis vir enige planne om ons onderrig en navorsing uit te brei.